PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVIII VRYDAG, 27 APRIL 1973 Nr. 4

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# ADMINISTRATEUR LOOF A.S.B.

**MAANDAGAAND 2 APRIL is die kunsfees van Kuesta '73 amptelik deur die Administrateur van T:ansvaal, mnr. S. G. J. van Niekerk geopen, toe hy die sowat 250 studente van 10 verskillende kampusse toegespreek het.**

### DERDE JAAR.

In sy toespraak het hy die A.S.B. geloof vir hulle positiewe bydrae om die ideale van die Afrikaanse student te verwesenlik. Mnr. van Niekerk het verder gesê dat die Kuesta-kunsfees tans die belangrikste nasionale projek van die A.S.B. is. Dit is die derde aar dat hierdie fees plaasgevind het. Dit het in Pretoria begin, verlede jaar was dit op Stellenbosch en vanjaar was dit hier op Potchefstroom. Kuesta het ontstaan toe daar 'n gevoel was dat die A.S.B. te veel op die politieke en te min op die kulturele vlak beweeg het.

### PUBLISITEIT.

Mnr. van Niekerk is van mening dat die positiewe bedrywighede en die prestasies van die groot meerderheid van studente te veel verswyg word en te min publisiteit verkry. Na sy mening is daar 'n neiging om te veel publisiteit aan die negatiewe bedrywighede van 'n klein minderheidsgroep studente te gee. Juis daarom het hy sy waardering betuig vir Kuesta omdat die studente op hierdie manier met iets skeppends besig is. Die administrateur het gesê dat Kuesta heeltemal aan die vereiste van 'n studentekonferensie voldoen en dit behoort 'n belewenis te wees vir al die deelnemers, omdat die ware student hom hier op kulturele terrein kan uitleef. Student-wees, het hy gesê, beteken om jonk te wees en aktief deel te neem aan studentebedrywighede omdat hy so die geleentheid kry om onbeskaamd Afrikaner te wees.

### VREGELYKING.

Mnr. van Niekerk het die verskillende studente-organisasies met mekaar vergelyk en gesê dat sulke organisasies in een opsig eenders is omdat hulle studente-organisasies is en die lewensmilieu van die studentemens verstaan, maar juis verskil omdat hulle verskillende ideologieë of ideale nastreef.

Dir A.S.B. is in die eerste plek anders omdat hy Afrikaans is — in diens wil staan, nie net van die Afrikanerstudent nie, maar van die Afrikanervolk. Mnr. van Niekerk het sterk te velde getrek teen Nusas en die betekenis van die woord "Nasionaal" in Nusas (Nas.onale unie van Suid-Afrikaanse Studente). Hy het gesê daar is vandag mense wat probeer glo dat nasionalisme uitgedien is.

In sy studentejare wou die studente aan die Afrikaanse universiteite en kolleges wegbreek van Nusas. Die woord Nasionaal is hierdie organisasie se naam het destyds 'n begrip vertolk wat beter uitgedruk kan word met woorde soos "landwyd" of "inter-univei sitêr". Die bedoeling was juis 'n organisasie wat kleurloos, neutraal staan teenoor feitlik elke nasionale vraagstuk.

In daardie are was nasionaa onder verdenking dat dit disloja-liteit teenoor Sy Majesteit Koning George V ingesluit het.

Vervolg op bladsy 5



**OPENING VAN KUESTA.**
**Mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal staan hier tweede van links en mev. van Niekerk aan sy regterkant. Heel links staan mnr. G. C. P. Schoeman, registrateur van die P.U. en beskermheer van Kuesta. In die middel is mnr. en mev. J. P. C. Schwellnus, die onderburgemeesterspaar van Potchefstroom. Langs hom staan mej. Anette van der Walt en mnr. Riaan Odendaal, voorsitter van Kuesta '73.**
*Foto: Fotokuns*

KIES . . .

'N OPWINDENDE EUROPESE SOMERTOER OF 'N SUID-AFRIKAANSE VERKOUE MET KLAM SAKDOEKE

DIE GELEENTHEID VAN U LEWE

DIE GOEDKOOPSTE EUROPESE TOER OOIT AANGEBIED

★

ALLE TOERLEDE MOET ONDER 35 JAAR WEES VIR 'N GROOT JOL IN EUROPA

SLUIT AAN BY DIE GROEP VIR
33 Opwindende Dae deur 9 Lande

VIR INLIGTING SKAKEL 6109 VOOR 1-UUR NM

# TWAALFDE NAG

Vir diegene wat dink dat Shakespeare-toneelstukke net vir wyse letterkundiges bedoel is of iets is waarmee die Engelse onderwyser jou aandag op hoërskool van jou puisies of jou kys probeer aflei het, wag daar 'n aangename verrassing met Elize Scheepers se aanbieding van TWAALFDE NAG (Shakespeare) vir die departement Spraakleer en Drama, P.U. vir C.H.O. vanaf 2 tot 5 Mei 1973 in die Totiussaal.

### ELIZE SCHEEPERS.

Alles waarmee letterkundiges deur die eeue die Shakespeare-stuk probeer verhef het tot iets groots en besonders, takel Elize Scheepers af, sonder om Shakespeare, of die tydsgees waarin dit geskryf is, te skaad. I.p.v. die poëtiese en letterkundige waarde van Shakespeare se werk sien sy die werklike betekenis van Shakespeare se meesterlike, teatrale skeppings van gewone, alledaagse karakters in — karakters vol *aardse* drange!



**FOTO BO: Henk Wijnbenga (Sir Andries Bibberbakkies), Peet van Rensburg (Sir Tobie Wynvat) en Mariaan Conradie (Maria) v.l.n.r. besig om aan 'n toneeltjie uit die Eerste Becryf van Elize Scheepeıs se opvoering van Shakespeare se *Twaalfde Nag* te repeteer. *Foto: Fo)okuns.***

### LIEFDE — HAAT.

Elize Scheepers se aanbieding lê klem op die belaglikheid van mense wat hulself voorgee vir wat hulle nie is nie, soos in TWAALFDE NAG duidelik te lese is. Omdat die karakters in TWAALFDE NAG nie is wat hulle moet wees nie, heers daar later soveel verwarring dat niemand meer weet wie is wie nie. Liefde en haat met huwelike en swaardgevegte wat daaruit voortvloei, krap die hele spul nog verder deurmekaar, totdat die verkeerde persone met mekaar rou en die verkeerdes mekaar tot swaardgevegte uitdaag. Dit alles ontwikkel tot 'n sameloop van omstandighede en gebeure wat onuithoubaar snaaks is.

### CRONJE LEMMER.

Die vrolikheid en uitbundige stemming van die stuk word verder verhoog deur die pragtige musiek, dansies en liedjies wat in die aanbieding gebruik word. Daar word net genoeg romantiek en fantasie by die mengsel gevoeg om hierdie 'n heerlike resep vir genotvolle vermaak te maak! Die ses-en-twintig spelers se kleurvolle kostuums wat deur Cronje Lemmer ontwerp en gemaak is, asook die effektiewe dekor wat die skepping van Abri le Roux is, dra verder daartoe by dat die idee van "dooie, vervelige Shakespeare" vir ewig deur 'n skreeusnaakse sjampanje-sprankelaanbieding van TWAALFDE NAG uitgewis word.

Die Bult Apteek
NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

# KUESTA 'N WARE FEES

**KUESTA '73 WAS TOE 'N WARE FEES. 'n Ieder en 'n elk wat daar was, het dit geniet — van die opening tot die kursusse tot die rugbywedstryde wat gehou is. Sommer net na die opening het almal al maats gemaak en het die klomp gaan rolskaatse ry — met vele blou kolle tot gevolg. Wat Kuesta gekenmerk het, was al die baie saamsing in ons strate — en dit was sommer wonderlik, sê een van die kursusgangers. Op die massa vrugtefees het dit ook baie jolig toegegaan, omdat almal op Kuesta so gou vriende gemaak het. Die hoogtepunt was natuurlik die rugbywedstryd wat tussen die noorde en die suide beslis moes word. Daar was twee wedstryde — dames en mans. Die noorde palm toe maar die oorwinnings in albei gevalle in. Die dames meen natuurlik dat die mans baie by hulle geleer het.**

Daar is natuurlik ook uitgehang. Die Spaanse danse wat deur Mercedes Molina en haar groep aangebied is, was "pragtig", en baie lekker". Dan was daar ook nog die afsluiting wat in die vorm van 'n formele dans was, waar mej. Kuesta gekroon is. Sy is mej. Rita Meiring van POK.

So tussen al hierdie pret en plesier deur is daar ook nog baie interessante kursusse aangebied. Almal het die kursusse besonder leersaam gevind en het baie daarby gebaat. Die kitskeramiek was baie gewild, so ook die kursus in haarversorging wat deur Spencer Jennings aangebied is. Baie van die dames weet nou ook baie meer van die binnekant van 'n motor, hulle sal nou weet wat om in 'n noodgeval te doen.

Die verpligte kursus in televisie wat deur National en Schibaden aangebied is, het groot byval geniet. Almal sien daarna uit dat S.A. T.V. sal kry.

Die kunsfees op Kuesta is deur regter Kowie Marais geopen. Hy het gesê dat die toets wat 'n kunstenaar aan homself moet stel, nie is hoeveel werke hy kan verkoop nie, maar hoe hy die kunswerk die wêreld instuur. Selfondersoek by die kunstenaar is 'n absolute vereiste en alleen as hy voel hy het werklik sy beste gelewer, is hy eerlik in sy kuns.

Regter Marais het gesê nie een persent van Suid-Afrika se bevolking is bewus van wat goeie kuns is nie; hoe kan sukses dan gemeet word aan die aantal werke wat 'n kunstenaar verkoop.? Gewildheid by die breë massa is nie die toetssteen van sukses nie.

Hy het die voorbeeld gebruik van die kunstenaar wat ses werke gelyk skilder. Eers word almal se berge gedoen, daaarn a volg die water, ens. Dit is 'n voorbeeld van die verkoopkunstenaar maar dit is beslis nie kuns nie; dit is nie eers kunsvlyt nie.

Die kunstenaar word soos 'n kind, hy vergeet homself en lewer kuns omdat die Skepper in hom die drang daartoe gelê het. As hy dit so beofen, beoefen hy sy natuur, maar as hy dit onopreg beoefen verkrag hy juis sy natuur, het die regter gesê.

Beoefen dan die kuns omdat dit uit die hart is en nie omdat dit 'n „gimmick" is nie, het regter Marais afgesluit. Die redenaarskompetisie is gewen deur Hendrik Rabie, terwyl Bennie Howard tweede gekom het.


Die Puk kan met reg trots voel daarop dat Kuesta '73 so 'n groot sukses was. Een van die Kuestagangers wou dan weet of Kuesta nie maar 'n maand lank kan wees nie.




**OPENING VAN DIE KUNSFEES.**
**Regter Kowie Marais en mnr. George Lotter kyk hier na van die inskrywings vir die kunsfees.**



**WENNER VAN DIE REDENAARSKOMPETISIE.**
**Hier ontvang Hendrik Rabie, die wenner van die redenaarskompetisie gelukwensinge van mev. Bet Botha. Bennie Howard wat tweede gekom het staan regs van mev. Botha en mnre. George Lotter en Pieter de Jager kyk toe.** *Foto: Fotokuns.*



**KURSUS IN MOTORWERKTUIGKUNDE**
**'n Aantal dames (bo) kyk hier belangstellend toe terwyl die werkinge van 'n enjin aan hulle)verduidelik word.** *Foto: Fotokuns.*



**TELEVISIEKURSUS.**
**So ingewikkeld het die T.V. apparaat gelyk, wat aan die Kuestagangers gedemonstreer is.**



**RUGBYWEDSTRYD.**
**Die dames het uitgehaal om hulle beste te lewer tydens die veelbewoë rugbywedstryd tussen die noorde en die suide. Inspanning kan duidelik op die dames se gesigte gelees word.**


A. VORSTER
APTEEK
(Frans Nel, B.Sc. Far.)
★
**Oktrongebou - Lombardstraat**
★
**SKAKEL ONS VIR VINNIGE AFLEWERING**

***Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee***
●
U KEN ONS
**BAILLIEPARK PADKAFEE**
**By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.**
●
DUS:
WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?
KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK
**Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.**

CITROËN GS

CITROËN GS
ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:
**KOLLEGE DIENSSENTRUM**
HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE
TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM

die WAPAD

# STEEK DIE KAMPUS AAN DIE BRAND

Dit word winter. En koud., bitter koud.

Die Wapad het goeie raad teen die koue.

Pukke, wees warm.

As jyself nie vir die Puk se eerste span speel nie — ondersteun hulle dan. Hulle is jou span. Jou ondersteuning laat hulle harte warmer klop en beter speel. En hoe beter hulle speel hoe warmer klop jou hart — 'n wisselkring. En as dit die slag nie goed gaan nie — gee hulle 'n warm hand. So gaan ons die wêreld vir die Kovsies warm maak.

Dieselfde geld vir jou koshuis se rugbyspanne. En netbalspanne. En Hokkiespanne. En vlotbouery. Dit laat my aan Karnaval dink. Kêrels, moet die wêreld asseblief nie te warm maak vir die dames nie. Partykeer word hulle rooi — nie van hitte nie. Die uitdrukking t.o.v. die stortbaddens is nie meer oorspronklik nie. En laat dit nie van ons gesê word nie dat ons afgesaag is. Dan kan ons maar saam met afgesaagde hout in die vuur gegooi word. Jy mag dit dalk nie glo nie, maar dit is so dat jy warmer kry as jy jou moue oprol — en daar is genoeg geleentheid om moue op te rol. Pasop egter as jy jou mond vol kritiek te groot oopmaak sonder dat jy jou moue opgerol het. Die oneweredige verspreiding van hitte gaan maak dat jy koue vat en min simpatie kry. En sou jy die balk in jou eie oog nie voor die winter verwyder nie, mag hy dalk vasys.

Ten slotte hierdie oproep: STEEK DIE KAMPUS AAN DIE BRAND DEUR SELF AAN DIE BRAND TE WEES.

# Eie Simfonie-orkes

Ja, u het reg gelees, die PUK het sy eie simfonie-orkes.

Hierdie orkes is gebore nadat die Collegium Musicum nou alreeds verskeie jare lank bestaan. Aangesien die Collegium Musicum hoofsaaklik uit 'n koor groep bestaan is daar tereg 'n leemte gevoel. Hierdie leemte is gevul deur die simfonieorkes wat in die lewe geroep is gedurende Mei verlede jaar.

**GELEENTHEDE.**

Die orkes bied aan die musiekstudente en dosente die geleentheid om hulle talent ook prakties uit te leef. As sodanig bestaan die orkes dan ook slegs uit studente en dosente van die Konservatorium.. Die orkes bestaan op die oomblik uit plus minus 25 lede met prof. Van der Walt, hoof van die Konservatorium, as dirigent en mej. Schulenburg as konsertmeester.

**PROGRAM.**

Die orkes het reeds 'n suksesvolle jaar agter die rug met hulle openingskonsert op 5 Oktober verlede jaar. Vanjaar is daar die volgende konserte op die program:

5 Mei: Musiek van J. Haydn, W. A. Mozart, L. von Beethoven.
16 Junie: Begeleiding van die opera "Bastien en Bastienne" (Mozart) en ander operasnitte.
6 Oktober: Musiek van Haydn en Mozaert.


## KOOP 'N LOOP

**PANNEKOEK — VETKOEK**

•

DIE WEGNEEM WINKEL MET ALLES NA U SMAAK!

•

NET WAT U NODIG HET VIR 'N TEE-POUSE WANNEER U MOEG GESWOT IS.


•

Oleulaan 3 — By Herald Drukkery — Telefoon 6243

POTCHEFSTROOM


# KAN DAAR NOG 'N NUWE BENADERING TOT SLEEP WEES?

**Studentemening**



GEORGE LOTTER. B.A. III.
*Foto: Fotokuns.*

Vanoggend / van iddag / vanaand wil ons gesels oor sleep. Sleep soos ons dit op die kampus ken: sommer gewone boeresleep. Dit is iets wat elkeen raak, al sleep hy of sy nie — die mens is so geskape en sal so bly. maar ek wil t.o.v. sleep sekere sake in die reine bring. Praat van sleep en onmiddellik sien jy 'n man en 'n meisie in 'n stewige greep afsak bult toe. Dit op sigself is nie fout nie, solank dit maar net nie daarom alleen gaan nie. Dit is wat ek wil regstel: sleep is meer as net die fisiese kontak; meer as net gesels, dit beinvloed jou hele lewe. Eintlik kon die hele idee nog nie behoorlik onder woorde vasgevat word nie, maar vir die doeleindes sluit ek aan by Salomo wat in sy wysheid gesê het: "Drie is dit wat vir my te wonderbaar is, en vier wat ek nie begryp nie: die weg van 'n arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see, die weg van 'n man by 'n maagd". (Spreuke 30: 18 en 19).

Êrens moet ons egter begin om op vaste lyne te beweeg. Sleep is 'n manier van leer ken van mekaar. In die diepste wese kom dit daarop neer dat 'n mens 'n lewensmaat soek. "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." God het dit immers self gesê. Diep in jou hart het hy dus die kiem van behoefte na iemand uit die teenoorgestelde geslag geplant. Hoe jy daardie kiem gaan laat ontwikkel, laat Hy aan jou oor. Maar versigtig! Jy kan dit nie vrylik doen nie. Daar is sekere wette waaraan jy jou moet hou anders ontaard dit en maak van jou 'n slagoffer in plaas daarvan dat dit jou dien in verryking van jou lewe.

Geagte Pukke, ons sleep om verskeie redes en dit is GROOT om te sleep; trouens dit is 'n voorreg wat net in hierdie situasie kan plaasvind: jy slaan skielik by 'n meisieskoshuis uit, ontmoet die meisie en siedaar: jy kan haar sleep! In geen ander gemeenskap is dit so maklik om iemand (veral van die teenoorgestelde geslag) te leer ken as juis op die Puk nie. By groter kampusse is dit nog moeiliker. Aan ons vriende wat kan en nie wil sleep nie, sê ek: julle verspeel julle kanse. Daar is soveel geleenthede: intertee's, kerkverenig ins, die komende karnaval, ens., ens. Dit is ook noodsaaklik voor jy jou keuse van huweliksmaat doen dat jy soveel moontlik van daardie geslag leer ken: dit gee mens 'n baie beter perspektief.

Nou wil ek dit vra: moet ons so sensitief wees oor vassleep?

As jy nou die derde aand sleep, die meisietjie se hand vat en die vyfde aand haar 'n .ligte piksoentjie gee; sleep jy nou vas? Ten sterkste wil ek sê: nee! (Terloops ek het 'n broertjie dood aan 'n meisie wat 'n laat-ons-sterk-wees-houding inneem as jy haar hand wil vat. Met al die reën en verbouings op die Puk is dit lewensgevaarlik om 'n meisie sonder ondersteuning te laat loop. Mens gesels ook baie lekkerder want jy's nie opgeskeep met jou hande nie en almal sien ook nie jy sleep net die tweede aand nie!) Wat vassleep betref: dit is iets wat spontaan moet ontwikkel oor 'n tydperk. Mens moet mekaar vind en redelik leer ken. Jy sleep nie vas om ander moontlike minnaars uit te skakel of 'n gereelde vryplek te hê nie — dit ontwikkel spontaan tussen twee mense met die gepaardgaande gevoel vir mekaar. Dan sal die meisie nie die behoefte hê om met ander mans uit te gaan nie en die man geen sinnigheid in ander meisies nie.

Kan ons nie alleen vriendskaplik verkeer sonder te dink in terme van vassleep, ens., nie? Nog altyd was ek 'n voorstander daarvan dat 'n klomp mans Saterdae skielik 'n klomp meisies vra en afsit om te gaan piekniek hou sommer in 'n groep en nie altyd alles alleen doen nie. Dit sal die skaam meisie ook geleentheid gee om haarself aan manne bekend te stel. Boonop sal die manne heelwat minder drink as daar meisies ook by is.

Daar kan letterlik nagte omgesels word oor sleep en alle verwante sake, maar ek wil pleit vir die volgende:

'n Skoon verhouding by sleep Sien daardie meisie as iemand se vrou eendag en dink daaraan of jy tevrede sal wees met so 'n vrou.

'n Minder formele "sleep"-idee van een man en een meisie. Mens wil tog op een of ander manier by 'n groep betrokke wees. Dink aan al die skerts en aangename dinge wat jy in 'n groep kan doen (positief).

Meer sleep op die Puk. Behalwe dat dit die mees gesogte tydverdryf is, slyp mens mekaar so. Manne, vra daardie skaam meisietjie wat saam met jou vlotbou, dames skiet daardie oulike ou vir die dinee — wie weet, miskien kom daar nog iets groots van!

Die menings hierbo is subjektief my eie, u hoef dit nie te aanvaar nie: miskien is dit 'n bietjie eensydig. Nogtans vra ek u om daaraan te dink, want een saak is *nie* subjektief nie: dit is die skoon verhouding waarvoor ek pleit. Wat dit betref steun ek op 'n baie betroubare bron: die Woord van God wat sê: „Jy mag nie egbreek nie."

# Uit die Woord

**PSALM 6:6b — "WIE SAL U LOOF IN DIE DODERYK?"** (Vgl. Ps. 30:10).

Menigeen het al die dag belewe dat hy gevoel het: "Vandag ont oet ek die dood". In daardie oomblikke kom 'n woordelose gebed op "Help my Here!"

Wat is die motief van hierdie kreet? Is dit omdat ek so graag nog langer wil lewe? Omdat daar nog soveel toekomsplanne nie verwesenlik is nie? Of omdat my dierbares my nodig het? Omdat ek nog so jonk is . . . . ?

By al hierdie motiewe staan ek my in die sentrum. Maar Dawid se motief is nie selfsugtig nie. "Red my siel: verlos my . . . . . want in die dood word aan u nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" Sy beweegrede is dit: as ek nou moet sterf, verstom my lippe, weerklink daar geen lofprysing tot eer van die Here uit my hart nie. Dawid wil lewe — om te loof! Die motief is opreg. Dit word nie gebruik om God 'n rad voor die oog te draai nie. Die Here sien die diepste verborgenhede van die binneste.

Wanneer die gelowige kind van God sterf, word sy siel in heerlikheid opgeneem. Maar die liggaam bly in die graf. Die liggaam tree nie meer op met hand en mond nie. Die afgestorwene kind van die Here loof Hom nie meer met die lewende liggaam nie. Dit besef Dawid. Hy weet dat hy God die beste kan dien as volledige mens (siel *en* liggaam). Daarom is dit vir hom belangrik om te lewe.

As lewende mens staan ek in tweevoudige diens van God: in my geestelik-verborge sielelewe moet ek Hom liefhê, eer en dien; in die uitwendig sigbare moet ek Hom bely, loof en dien, ook voor die oog en oor van andere. Hierdie twee aspekte vorm 'n eenheid — net soos die liggaam en siel 'n eenheid is.

Sou ek dan pleit om te lewe aangesien ek die Here nie in die graf kan loof nie, maar my woord en daad van elke dag prys God nie, dan is ek 'n huigelaar. Wat dan? Ek sal in elk geval bid dat die Heilige Gees my hart mag suiwer van selfsug en onwaaragtigheid; bid dat Jesus Christus se onbaatsugtige *lewe en sterwe* tot een van die Hemelse Vader, my toegereken word; bid dat ek deur die Gees waarlik *getroos* kan word in die wete dat ek, of ek lewe of sterwe, met liggaam en siel die eiendom is van my Saligmaker Jesus Christus.

Wanneer dit God tog behaag om my weg te neem, het ek nog altyd die troos dat Hy my liggaam eenmaal weer sal opwek en met my siel sal verenig. Dan sal ek as verheerlikte mens Hom ewig loof en prys.

R. MARE.

# Redaksie


Hoofredakteur — Japie Robbertse, Over-de-Voor.
Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.
Sub-redaktrise — Madeleen Jordaan, Klawerhof.
Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.
Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.
Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Liberalia.
Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.
Kuns — De Villiers Lessing, 4053.
Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.
Damesaangeleenthede — Ronel Schonfeldt, Karlien.
Sirkulasiebestuurder — Louis van Wyk. Over de Voor
Fotoredakteur — H. Retief, Liberalia.

# TOESKOUERS MAAK OF BREEK SPEL

**ONS AS PUKKE, Oud-Pukke en ander ondersteuners is baie)trots op die prestasies van ons rugby-klub die afgelope aantal jare. Ons klub het van krag tot krag gevorder en tel onder die sterkste klubs in Wes-Transvaal, terwyl ons eerste span al vir groot prestasies in inter-universitere kompetisies gesorg het. Onderliggend aan ons entoesiasme le vir my die hunkering of strewe na behoorlike erkenning deur die buitewereld aan ons universiteit ook as 'n krag op sportgebied. Nie een van ons sal daarvan hou dat 'n Tukkie, Matie of watter persoon ookal, spottend na ons verwys as hopelose sportmanne of rugbyspelers nie. Wat is lekkerder om te se "ons het julle in rugby geklop," of "ons is net so goed as julle" en wat meer is "die bewyse is daar." (Rugby is tog ons nasionale spel!)**

Ons as Puk-rugbyspelers was en is nog altyd dankbaar teenoor ons mede-studente en ander ondersteuners vir die wonderlike ondersteuning wat daar altyd was en is. Daar is niks lekkerder om vir die Puk te speel terwyl studente in hul honderd talle om die veld geskaar is, en entoesiasties as't ware die spel meemaak nie. Dit is ook groot om na 'n oorwinning die )vreugde met mede-studente in die kleedkamer en kampus te deel. Ek is daarvan oortuig dat die sukses van ons eerste en ander spanne, in 'n groot mate deur ondersteuning van die pawiljoen af, bepaal word. Tog is daar iets wat my en vele ander, 'n bietjie pla, iets wat eerlikwaar nie uit my duim gesuig word of wat ek die begeerte het om dit wyd en syd te verkondig nie. Ek stel dit egter aan u omdat ons as mense nie sonder foute is nie, maar die eerlikheid moet hê om te erken, en die vrymoedigheid moet hê om te verbeter. Dit het al by rugbywedstryde gebeur dat van ons mede-studente, so deur hul entoesiasme oorweldig word dat hul gedrag 'n demper op medeondersteuners plaas, en, wat tragties genoeg, ons universiteit se naam oneer aandoen. Ek het dit hier oor enkele van ons mansstudente wie se "gees" meer-en-deels uit die bottel of blikkie kom en hulle dan met daardie gees, spoke op die pawiljoen opjaag.

Die meeste van ons geniet wel ons drankie of drankies, maar manne, 'n mens se verantwoordelikheidssin hou nie op as ons die lesingkamer of die koshuis verlaat op pad rugbypawiljoen toe nie. Dit strek jouself minstens nie tot eer indien jy op rumoerige wyse, nugter of nienugter, *onsmaaklike* aanmerkings aan die adres van die skeids regter of ondersteuners van 'n teenstanders rig nie. Ek verstout my om te sê dat van hierdie manne gewoonlik nie 'n goeie kennis van die reëls van die spel het nie. Die gevolg is dat 'n korrekte maar moeilike beslissing van 'n skeidsregter in twyfel getrek word, nie lank daarna miskien 'n tweede, en partykeer sommer die res, vir of teen ons span. Toegegee dat sommige beslissing 'n ondersteuner se bloed laat kook, veral as dit wen of verloor vir jou span kan beteken, maar ek het nog nooit gesien dat so 'n beslissing deur uitjouery of skelwoorde herroep kan word nie. As ons span 'n wedstryd verloor as gevolg van 'n bevooroordeelde of swak skeidsregter (wat in elk geval nie agter elke bossie uitgeskop word nie) laat )ons die nederlaag dan soos 'n man dra, sonder om onsmaaklik daaroor te wees. 'n Skeidsregter, net soos enige speler of ondersteuner is 'n mens wat beinvloed kan word. Dit het al gebeur (vra maar vir ons spelers) dat 'n skeidsregter so deur aanhoudende opmerkings van die kantlyn af beinvloed word, dat die span, wie se ondersteuners vir die opmerkings verantwoordelik is, aan die korste ent trek. Is dit wat u wou bereik met u opmerking? Ek kan dit kwalik glo. Buitendien getuig swak gedrag in die geselskap van dames, jong of klein kinders, van 'n swak opvoeding en sekerlik nie van 'n Calvinistiese agtergrond en in ooreenstemming met die gees van ons cniversiteit nie.

Pukke, hoe mooier en aangenamer die gees op die pawiljoen, hoe lekkerder die rugby, daarvan kan u tog getuig. Ons kan nie toelaat dat enkeles uit 'n paar duisend, die meerderheid ongemaklik laat rondskuif nie. Ek het al 'n pawiljoer vol toeskouers gesien wat skaterlag oor spitsvondige en aangename sêgped, en dat daar nie uitgepraat kan woord oor die mooi gedrag van ons studente nie. Oud en jonk geniet dit een en almal.

Ek wil geen demper op studente pret plaas, of ons ondersteuners afskrik nie. Intendeel, ek wil 'n ernstige beroep op almal doen om in hordes op te trek na waar ons spanne speel en lustig saam te juig en te skree. Kom ons doen dit egter in die ware Puk-gees en tradisie, soos die oorgrote meerderheid van ons dit in elk geval doen. Indien jou ou maat hom dan wel vergryp, of sy humeur nie kan beteul nie, help hom asseblief — ons sal jou almal dankbaar wees.

Opregte Puk-rugbywense,

WILLEM SCOTT.

# FLORNA BY BLYDERIVIER

**'N GROEP VAN 30 lewenslustige Florna-Pukke is op 28 Maart hier weg om by die Blyderivier by die "Potholes" te gaan kamp. Dir was helaas net 'n kamp totdat die reen hierdie Flornaburgers in 'n nabygelee ou huis verdryf het. Almal stem saam dat hulle 'n in wonderlike mooi omgewing gekamp het, waar hulle darem ook baie keerr kon swem.**

'n Klein Gideonsbende — die dapperes onder Israel — kan van die vriendelikheid van die wildbewaarders en toerpa Hennie getuig, nadat hulle deur reën in die berge oorval is en eers die nag om half-een weer by die kamp aangekom het. Hierdie Gideoniete sê dat warm Milo nog nooit so lekker was soos juis toe nie.

Die Flornaiete het 'n wonderlike vier dae belewe en al het hulle Bedford ook elke 100 treë gekook! Die klompie Pukke het baie gou 'n hegte groepie met 'n groot gees gevorm (mens sien hulle ook sommer aral op die kampus raak), seker maar as gevolg van die)vele ontberings.

Die dames(?) wat saam was, het darem ook die voorreg gehad om saam met die manne mooi inheemse plante, bome en orgideë te sien. Almal het baie geleer oor ons mooi land — en nou wil Florna net weet of daar nog iemand is wat meen dat hulle toere nie opvoedkundig is nie!

M'aar net hierby het dit nie gebly nie. Gedurende die tweede deel van die vakansie het Florna, as deel van Kuesta, 'n kursus in Veldfilosofie aangebied. 'n Groe van 19 was baie gou na die opening van Kuesta alweer op pad (natuurlik in die Bedford) na die Magaliesberge. Hier het oo Louis Knobel van die Parkeraad hom by die Kuesta-gangers aangesluit. Om Louis het daardie aand films vertoon wat gehandel het oor die Boesmanslewe en die veldlewe in die algemeen. Die aand om die vuur het oom Louis nog baie "veldstories" vertel. En natuurlik het hy 'n ieder en 'n elk geboei met sy boeiende, maar gesaghebbende verteltrant.

Florna se voorsitter, en nog 'n paar ander, wat die ontberinge wat hulle op Blyderivier deurgemaak het, nog nie te bowe gekom het nie, het aan die slaap geraak en omdat sommige *harder* as ander slaap, moes oom Louis maar ophou.

Woensdag was die groep darem betyds terug om na die Spaanse danse te gaan kyk en Donderdag het hulle saam met die ander Kuestagangers die T.V. kursus bygewoon.

Vrydag het die klomp vir oulaas nog 'n bietjie pret gemaak. Hulle het op 'n plaas in modderslote gaan rondgly en uiteindelik baie moeg en vuil teruggekom na die Puk. Maar, sê hulle, Veldfilosofie was 'n "groot" kursus.

Florna gaan nog 'n paar groot toere reël vir die res van die jaar. Gedurende die langnaweek in Mei gaan hulle see toe, om by Kaap Vidol die eksamenmoegheid te gaan vergeet. Die hoogte punt van die jaar sal seker die Botswana-toer wees wat vir die Julie-vakansie beoog word. Hierdie toer sal ongeveer twee en 'n halwe week duur en almal wat voel dat hulle kans sien vir primitiwiteit kan maar saamgaan.

# NUWE BENADERING IN OORSESE JEUGTOERE

'n Nuwe benadering in oorsese jeugtoere word nou deur 'n Afrikaanse toere-organisasie ten uitvoer gebring. Ten einde dit vir die Suid-Afrikaanse jeug en veral die studente moontlik te maak om oorsese lande te besoek het hulle met bogenoemde kamptoere begin wat sorg dat toerpryse drasties verlaag kan word. Dit stel hierdie organisasie in die posisie om die goedkoopste oorsese toere moontlik aan te bied.

Uit die aard van die saak kan dit slegs in die somer seisoen van die betrokke land aangebied word. Die een toer, deur 9 Europese lande wat oor 33 dae strek, kos bv. R599. (Aantreklike afbetalings is moontlik en binne elkeen se bereik). Kampeertoerusting word oorsee verkaf. Hierdie toer strek vanaf 30 Junie wat min of meer in die akademiese vakansietye val.

Die feit dat hierdie toere in die Europese somer plaasvind, hou die voordeel in dat toeriste veel meer te sien kry waar hulle nie deur koue beperk word nie.

# BOSKOP BLITZ

Hengelaars wat moeg is om rommel in plaas van vis te vang, swemmers wat al hulle voete met glasstukke gesny het en alle natuurliefhebbers, neem kennis van Boskop Blitz.

Dit is 'n projek waaraan die Potchefstroomse universiteit se Onderwaterklub in samewerking met die Potchefstroomse Auqaklub gaan deelneem in 'n poging om die bodem van die Boskopdam skoon te duik. Boskop Blitz is deels 'n landswye antibesoedelingsveldtog wat deur die Transvaalse Onderwater unie onderneem word. Die hoofdoel van die veldtog is om ongeveer R1 000 in te samel om gedurende Junie 'n Springbok visskietspan van vyf na die wêreldkampioenskappe in Spanje te stuur.

Deur die veldtog word ook gepoog om die publiek besoedelingsbewus te maak. Die Transvaalse Onderwater unie beoog om met die hulp van onderwaterklubs dwarsdeur die land so veel moontlik damme, mere en kanale skoon te maak.

Die ondersteuning van die publiek is nodig vir die insameling van die geld, maar daar word nie vir donasies gevra nie. Belangstellendes word gevra om as borge op te tree, In ruil daarvoor lewer die duikers diens aan die publiek.

Plaaslike borge wat gewillig is om te help, kan begin deur die tien duikspanne wat op Saterdag, 28 April 1973 om 2 nm. by Boskopdam hulle bydrae gaan lewer te ondersteun. 'n Span kan geborg word deur 'n sekere bedrag, byvoorbeeld 5c per elke item wat hulle uitduik, te betaal, onbeperk of deur slegs tot 'n maksimumbedrag te gaan.

Ander belangstellendes kan hulle ondersteuning gee deur te sorg dat hulle teenwoordig is by die geleentheid. Daar sal verversings ook beskikbaar wees.

## A.S.B. GELOOF

**Vervolg van bladsy 1**

Vandag beteken die woord Nasionaal in Suid-Afrika minstens vir alle landsburgers, buiten nou anargiste en ander rebelle, onverdeelde trou aan Suid-Afrika. "In die verband verkies ek liewers niks oor Nusas ten opsigte van hul leiding se huidige beeld na buite te sê nie," het hy gesê.

LEON WESSELS.

Die huidige president van die A.S.B., nr. Leon Wessels, het mnr. van Niekerk bedank en ook weer die klem laat val op sekere aspekte in die administrateur se toespraak.

Hy het onder andere gesê, dit is 'n belangrike taak vir die Afrikaanse student, om te boekstaaf wat in sy geledere plaasvind.

Hy het verder gesê dat die Afrikaanse student nie skouspelagtig is nie, en sy woorde hier het spesifiek betrekking op hul leefwyses, kleredrag en strewes. Hulle weier hier om te buig voor die volksvreemde magte en die verandering van lewensbeskouings.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

Die keurigste gebak in Potchefstroom

Ons lewer aan die Universiteit



# DEUR MY LENS

Iets wat my tot raserny dryf, is wanneer iemand skielik 'n bietjie status verkry, en dan 'n algehele gedaantewisseling ondergaan. Indien dit net by 'n ge daantewisseling gebly het — goed — maar nou vind ons dat sulke persone hulle ook sekere regte aanmatig wat, myns insiens, buite hulle jurisdiksie lê.

Ons Pukke praat maklik verkleinerend van die Pote, maar, is dit geregverdig? Raak dit nie tyd dat ons objektief staan en onsself ontleed nie? Sal ons nie dan tot die besef kom dat ons eintlik kinderagtig is nie?

Op skool het jy dikwels die geval gekry van skoliere wat tot prefekte verkies was en dan 'n algehele metamorfose ondergaan het, maar is dit so erg? Hulle is darem nog blote kinders. As jy daar sien dat die hoofseun rondloop en soek na seuns met lang hare kan dit nog verskoon word, of dat ander lede van die leerlingraad nie meer hulle maats wil ken nie. Dit kan toegeskryf word aan hulle kinderagtigheid, want hulle is mos in wese nog kind. Op alle terreine van die lewe kry jy die geval — met die uitsondering dat die persone ophou om kinderagtig te wees soos hulle meer volwasse raak.

Hier op die Puk tref jy ook dieselfde geval aan. Daar word leiers gekies vir die studente en deur die studente. Almal stem vir wat die man is, en daarom kan daar van die leiers verwag word om te bly soos hulle is. Elke Puk verwag dit immers van die persone wat ons daargestel het! Ons het vir die mense gestem vir wat hulle was, maar daar is 'n duidelike gedaantewisseling te bespeur by sommige van daardie persone. Soos op skool sien ons dat daar ook nou rondgeloop word op soek na manne met lang hare. Daar kom wel van oewrheidsweë opdrag gegee gewees het om toe te sien dat die hare na wense gedra word, maar om darem vir 'n man te beveel om sy hare te sny en more weer te kom aanmeld is verregaande. Nee, ons is mos nou in die posisie om die ander studente te beveel. Dit sal mos ons prestige verlaag as ons vra dat die hare gesny moet word — nou beveel ons maar! Vergelyk dit met wat ek hierbo gesê het oor die prefekte se gedrag!

Verder sien ons dat daar nog kommissies van ondersoek na alles ingestel word. Nie in opdrag van owerheidsweë nie, nee, ons voel mos *self* dat so 'n kommissie nodig is! Om nie eens van die absurde aanbevelings te praat nie. Daardie drie persone wil mos nou die hele Puk-massa dwing om by hulle verstarde sienings in te val, want hulle het mos die steun van die Studenteraad.

Ek kan nie anders as om myself die vraag te vra nie: Is dit dan nie beter weet dat hulle dit doen nie, of is dit bloot 'n magsvertoon? Tree daardie mense in belang van die student op, daardie mense wat gesorg het dat hulle in die huidige posisie is?

Ek glo nie! Hulle het vergeet wie daarvoor verantwoordelik was dat hulle bereik het wat hulle het. Nee, hulle het hulleself ,os gebring tot waar hulle is. Die ander studente het mos niks te doen gehad met my opgang in die studentelewe en die verkiesing nie! Ek het mos bereik wat ek wou. Waarom sal ek nou in hulle belang optree?

Nee manne, laat ons hierdie ding regmaak. Laat ons nie vergeet dat ons primêre doel is om die studente se belang op die hart te dra nie. Laat ons onthou dat die studente ons gekies het omdat hulle vertroue in ons gehad het en laat ons nie daardie vertroue skok nie. Laat ons vir 'n paarminute stilstaan en dink aan ons beleidsverklarings van verlede jaar. Pas self ondersoek toe, en kyk of ons werklik optree soos ons in die beleidsverklarings beloof het. En laat ons dinge wat verkeerd is regmaak. Ek vertrou op elkeen se samewerking in hierdie verband.

Groetnis,

REFLEKTOR.

# Voortrekkers

Van oor die hele land trek staatmakers die langnaweek van af die 20ste tot die 23ste April, by Rustenburg saam vir 'n konferensie.

Die luukse rondawels by die Kloof vakansie-oord sal vir ons huisvesting sorg. (vier per badkamer!)

Op die konferensie word verteenwoordigers van Tukkies, Natalse Universiteit en RAU verwag. Die Kovsies en die Pukke slyp hulle tande vir 'n heerlike onderonsies.

Om mekaar beter te leer ken ga n d ar heerlkk sosiaal verkeer word in die mooi natuur. Daarvoor dan ook, die laatnag saamsing om die kampvuur!

Aktuele onderwerpe oor Staatmaker-aangeleenthede gaan o.a. bespreek word. Asook ander onderwerpe oor bv. die stagnantheid van die Voortrekkerbeweging en daaruit voortvleoiend: voorstelle vir die modernisering en vooruitgang daarvan.

Die jaarprogram van die Pukstaties beloof ook nog 'n landsdienskamp te Blyderivier en verder .n toer na Golden Gate later in die jaar. Die tiendaagse oorlewings-projek is iets waarna ons almal baie uitsien.

# Ons lesers skryf

Dit is met absolute veragte misnoë dat ons kennis geneem het van die artikel "Deur My Lens" wat in die *Wapad* van 12 Maart 1973 verskyn het. Dit is 'n verwronge mening wat kan lei tot een van die (soos die skrywer dit genoem het) onaangenaamste situasies op die PUK kampus.

Wanneer die artikel gelees word voel ons dat ons nie deel is van die sogenaamde "onsmaaklike" massa nie. Ons word dit net eenvoudig misken in alle opsigte.

Het u al gedink wat vanjaar se eerstejaars nou moet dink van ons tweedejaars nadat die artikel gelees is. U buit 'n situasie uit wat netelige gevolge gaan hê. Ons ontken nie dat 'n tweedejaar nie ook hans kan wees nie, maar hoekom kan die vyfde- en sesde-jaars of senior wat werklik sy plek kan volstaan, nie op 'n ordentlike volwasse wyse die betrokke tweedejaar teregwys nie. Dit is absoluut verregaande dat daar volgens u mening opgesien moet word na vyfde- en sesdejaars. Boonop is dit belaglik dat u nou onderskeid wil maak tussen 'n senior-senior en 'n junior-senior.

Met hierdie artikel wys die skrywer die vinger na verlede jaar se seniors omrede hulle nie met daardie ontgroening daarin kon slaag om daardie eerstejaars van hulle "matriek-kom-pleks" te genees nie. Die voorbeeld van die tweedejaar wat, onder die invloed van drank 'n vierdejaar te lyg wou faan, beskou ons as absoluut belaglik. Die H.K. van daardie betrokke koshuis moes onverbiddelik opgetree het teen daardie betrokke inwoner wat hom aan sulke wangedrag skuldig gemaak het, u moet egter nie nou alle tweedejaars oor dieselfde kam skeer oor bogenoemde onwetmatigheid nie want hoeveel kere is die situasie nie net andersom nie.

As tweedejaars van ons betrokke koshuis beskou ons ons as seniors as onskuldig in hierdie verband. Ons word erken as PUK seniors wat gesag ken en aanvaar omrede ons na ons meming reg georiënteerd is as eerstejaars. Tenslotte vra ons dat ons deur die massa as volwaardige seniors aanvaar moet word en ons sal daarna streef om hulle nie teleur te stel nie.

'N TWEEDEJAAR.
(Namens die tweedejaars van Thaba-Jah).

# MONTIUM NA DRAKENSBERG

**NA 'N GENOTVOLLE en welverdiende naweek in die Drakensberge, het die Montiumkonvooi skaars drie weke later sy neus noordwaarts gewend Sikorora toe. En vir die eerste keer in Montium se veelbewoë geskiedenis van twee jaar, raak die berg toe weg, en nie Montium nie. Maar een ding is seker — Montium het maar weer tweede gekom. Berge was daar wel; reekse en reekse daarvan, maar vir letterlik ure is gesoek na die regte uitdraaipaadjie wat sal lei na die regte misbedekte kloof wat dan Sikorora sal wees. Maar daar was net stofpaaie en groen piesangs en bilharzeabesmette stroompies en aias wat klere was en klonkies en stoere ou stamvaders en brakke . . . en 'n skool met 'n sokkerveld.**

Dis toe dat die gewigtigste van alle gewigtige besluite geneem is: ons gaan Wolkberge toe, nie meer as 'n uur se ry van die verdwaalde berg af nie. Die wat daar was, het opgewonde tekere gegaan, maar die wat nog nie daarvan gehoor het, was stil in die hoop dat dit wat hulle vermoed het, nie waar sal wees nie . . . .

Die styl kronkelende, nou en modderige paadjie teen die hange van die berg het immer opwaarts en opwaarts gekontoer. Maar uiteindelik word die voertuie op 'n gelyktetjie tot stilstand gebring en dadelik kom die bevel: „Opsaal!" Stewels wat kraak en rugsakke wat druk en skaaf en lang grasse wat jou neus kielie en sweet wat in jou nek en in jou oë loop is 'n lafenis vir die siel.

Het u al geslaap op 'n ses duim dikke mat van dennenaalde en met die glorie van ons land se groen goud om jou en bo jou en die rustigheid van daardie dennewoud in jou? Om dan twee uur die more wakker gemaak te word deur 'n reëndruppel wat guitig teen jou neus afloop en 'n misreëntjie wat net genoeg is om alles klam te maak. Maar of jy nou suur is en of jy nie lus het nie: daardie berg gaan jy en jou rugsak uit.

Dis nie maklik om 'n helling van 50- tot 55 grade uit te hardloop met 'n gewig van 30- tot 40 pond op jou rug nie. Dus het ons dit maar kalm gevat, al met die telefoondraad langs met elke tweede paal as ruspunt. Salig was die afsaal bo by die hut, en weergaloos die middagmaal van spaghetti en kitsaartappels.

Die einde van die swaarkry was dit nog nie, en laat die middag eers word die kampplek vir die aand bereik. Een ding kan van Montium gesê word: die mense hou van hulle gerief. Gevolglik is dit seker ook die enigste klub wat met toere hul eie waterbeddens saamvat — met een verskil: Ons sleep in die water, in plaas van bo-op die water. Tente en "ponchos" en plastiese sakke ten spyt, was daar die volgende oggend letterlik waterstrome in en om en oor alles te bespeur en te betas. Al ligpunt was die warm, soet boeretroos en die onuitblusbare Montiumgees wat sier om te gaan lê. Met rugsakke swaar gelaai met sopnat slaapsakke en sponse en grondseile en tente en klere is "Giggles' Gugeling Water" agtergelaat en die 15 myl lange stap na die voertuie aangedurf.

Wolkberge is nie Wolkberge sonder om baie swaar te kry en nat te reëh en suur te word en sy pragtige natuurskoon wat sy soms deur 'n klein openingkie in die mis kan )sien nie. En daarom, al weier ons om dit nou te erken, dink ek sal die meeste weer gaan as die geleentheid hom voordoen. En die wat nog nie daar was nie? Kom saam, dan wys ons julle . . . . . !

# OOR DIE ONDERDEUR

Ons leef mos in 'n eeu van rekords. Daarom 'n tyd van nuwe sleepseksies, rekord verlowings onder die eerstejaars en rekord uitmakings.

Met Ruanda Jacobs se baie nuwe atletiektye, is Fanie Coet see seker self een van die fietse fikste en vinnigste slepers.

Ou George Lotter se patriotisme kom weereens na vore, hy sleep nou knaend in Huis Republiek.

Ek wonder nou net of die Kruger-kerkbank in Noordbrugkerk nog 'n ekstra sitplek gaan bykry want Gert het Estelle ook nou 'n Kruger laat word.

Ai, dis mooi dat die manne mik vir hoë posisies; Kyk maar hoe't Corrie van der Colff te werk gegaan om onse burgemeestersdogter, Annalie Oosthuizen te kry.

Alabama kry weereens gedugte resultate. Tussen Frans Joubert se trompetblasery en Ria Lemmer se singery, het die Kimberleytrein ook vir hulle 'n pakkie gebring. Baie geluk julle.

Met Rennie en Ria getroud, Jo en sy verloofde en julle twee lyk dit na een van die "belowendste" pukverenigings.

Petro le Roux en Pieter was ook sommer so Kimberley toe en 'n Sterns diamant teruggebring.

Riaan Odendaal se fiets ry al vanself Karlien toe en die interkom roep outomaties na Martha van der Walt op vloer ses.

Intussen wen ou Kroggies die een 5 000 meter na die ander op soek na sy rekordmeisie.

Nouja, dis al vir vandag, liewe vriende en vriendinne.

GROETE.


MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

★

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek



U het volop keuse in ons grootverskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

# OP DIE KOSHUISFRONT

## Over de Voor

**RUGBYTOER.**

Die prestige koshuis op die Puk het homself weer gedurende die vakansie bewys toe 'n rugbytoer deur drie provinsies onderneem is.

Drie wedstryde is gespeel, waarvan twee gewen is. Die Voor teken 63 punte aan teenoor die 33 van hul teenstanders. Die uitslae was soos volg:

Klop Pongola 25-16.

Klop Standerton III 22-0.

Verloor Taaibos-Kragsentrale 16-17.

Die toerspan se beste vertoning was in die laaste wedstryd teen Taaibos toe hulle teen 'n pak voorspelets te staan gekom het, wat goed 25 lb. per man swaarder was.

Die span het oral vriende gemaak met die mooi rugby wat hulle gespeel het. Hulle was nie bang om die bal te laat loop nie en is beloon met 11 drieë in die drie wedstryde.

Baie dankie aan die Du Plooys en Dreyers wat na ons omgesien het op die toer en ook aan die Cilliers' vir hul ondersteuning.

**KOSHUISRUGBY.**

Dawie Dup, baie geluk met jul oorwinning.

In die derde liga het die "Labels" darem die ding gedoen en Kompleks met 13-12 geklop.

**AAN MAKOUVLEI?**

Kyk kêrels, as julle graag kussinggevegte wil wen, doen dit op die gevegsterrein en nie in die *Wapad* nie. Asseblief.

Terloops, is julle twee ongevalle darem al uit die hospitaal ontslaan?

## Liberalia

Die vakansie is verby. Nou is 1973 amptelik in volle gang — akademies, en meer belangrik ook sosiaal wat onder andere karnaval en intervarsity behels.

Die vakansiegees heers nog sterk hier, veral vir die manne wat Zavora ontdek het. Zavora was eers 'n baie onbekende plek in Mosambiek, maar die vyftien manne het dit blykbaar nou op die wêreldkaart geplaas.

Noue ontkomings was daar ook, veral vir die ses manne wat vliegtuig saam met twee onervare loodse gery het. Albei die loodse was in so 'n toestand dat geluk eintlik die vliegtuig geloods het.

Die hengelsukses van ons manne is 'n baie teer puntjie. As hengelklub sou hy waarskynlik doodloop, maar dit kon ook net by hengel bly, want vis was daar nie. Goofy is blykbaar die enigste wat die kuns om te „cast" heeltemal bemeester het — of het hy dalk nie?

Ten spyte van Strys se kookkuns en Philip se kennis van medisyne, is die manne na vele ontberinge en ellende, weer by ons in die verdrukking terug. Al die manne het die ekspedisie terdeë geniet.

'n Lelike ding het sy kop in Liberalia uitgesteek. Dit wil voorkom asof die manne nou begin vasbyt. „Ag nee kêrels!" Onthou, dit is 'n klad om as die koshuis met die hoogste slaagsyfer bekend te staan.

Julle het blykbaar uit die oog verloor dat julle baie rus vir die karnaval saam met Kulu nodig sal hê. Daarna is die Julievakansie weer op hande.

As julle dan nog so 'n klein tydjie vir die akademie wil afstaan, sal dit genoeg wees.

## Kasteel-Noord

Die tweede kwartaal met sy hoë akademiese eise het begin en Blok A het goue voornemens.

Ons sien uit na Karnaval en alles wat daarmee gepaardgaan maar ons steek ons neuse ook diep in die boeke, dit alles om neulende Proffies stil te hou.

Niemand is getroud of verloof in die vakansie nie maar daar is 'n paar wat deeglik verlief geraak het — miskien as gevolg van die spreekwoord wat sê: "Absence makes the heart grow fonder." Ons dink bv. aan Linda en Anette. Vir die ander — Karnaval hou groot moontlikhede in.

Eers 'n paar gelukwensinge: Alta Fick het die P.U.-koor gehaal en Brigitte Vermaak die Potch Simfonie-orkes.

Maritza sê haar vakansie saam met Johan was heerlik, net jammer die Kaapse weer was nie so goed nie.

Hier is ook 'n hele paar prestasies — Anna Nel en Betsie Vlok is gekies as PUK-koorlede en Rina Dreyer vir Alabama. Anna het ook 'n beurs van 'n hele R75.00 verower. Baie geluk.

**SLEEPSAKE.**

Rina Steyn en Gawie, hoe lyk dit, gaan julle vir ons 'n voorbeeld stel? Agtien jaar is darem 'n lang tyd?

Ester Rumpff — bly jy is so gesond — jammer jy moes sewe dae van jou vakansie siek wees en boonop in die bed!

Janie, Elmarie en Elna (Ras) kom kla glo by Marie dat hulle te veel hooflyn kry — Sy kan egter hulle van geen raad bedien nie.

Elsabe was op die Florna toer. Sy moes 18 uur ry om die mooi wêreld te gaan sien. Sophia sê nee, sy bly maar sommer in Potch, dan sien sy alle mooi dinge.

Gisela se hart trek net een plek toe en dit is Suid-Wes want haar held bly glo daar.

Geluk met verjaarsdae aan Johanna Ferreira, Ansa Lourens, Rachel Schutte, Susan Velleman, Marthie Prinsloo, Elizabeth Rijkaart, Susan van der Merwe, Giseal Sachse, Martie Cloete, Janie van Rensburg, Elsie Lourens, Liesel le Grange. Onthou die koek hoor!

Geluk aan Elna Grobler en Anne-Marie van Heerden met jul prestasie vir die eerste hokkiespan — sukses vorentoe!

## Toekoms

Op 9 Maargt het Toekoms sy eerste verjaarsdag gevier met 'n groot braaivleis op die Toekoms kampus. Ons was toegespreek deur ons gevierde prim. van verlede jaar, Koos Lee. (Hy het spesiaal van Pietermaritzburg af gekom vir die geleentheid). Dit was een van die baie groot geleenthede in ons kort bestaanstyd.

'n Ander hoogtepunt is die groot aantal spelers wat ons in Kompleks rugby verteenwoordig. Kompleks beloof om 'n krag in die koshuis liga te wees van aar.

Op Sosiale gebied het ons aksies gehad met Kulu, Heide, die Groot Kasteel en Soetdorings. Met Oosterhof, ons vlotbou dames, het ons 'n groot Kennismaking op die oewers van die Vaal gehad. Na die ontspanning het ons mekaar baie)goed geken en 'n groot gees is opgebou. Dit het uitgeloop op die skenking van Paas-eiers deur Oosterhof aan die „Bulle" van Toekoms. Dankie Oosterhof. Met die goeie gees tussen die twee koshuise lyk dit of ons groep van aar die wenvlot gaan bou.

Dankie vir die skakeling en goeie gees wat die dameskoshuise geopenbaar het met die beste koshuis op die kampus. Hierdeur is 'n goeie grondslag gelê vir nog sommer baie skakeling en „social" in die toekoms, met TOEKOMS.

## Klooster

Na 'n insentiewe rusperiode van 'n paar dae — die Aprilvakansie — het die Kloosterders in hul hordes teruggekeer.

Die rusperiode het noodsaaklik geword hoofsaaklik om twee redes: eerstens die hope akademie en tweedens — ja daaroor kan boekdele geskryf word. Dit was natuurlik 'n heerlike genoeglike aand saam met ons sleep Karlien. Menigeen op die kampus was verbaas toe goed 'n tweehonderd mans fyn uitgevat, die aand om tienuur voor Karlien vergader het. Die rede vir die "opgetoffery" was 'n fondue ete — en was dit nie smaaklik nie — dankie liewe sleep Karlien! 'n Aangename sosiale aand is afgesluit toe dit al ver heen was in die volgende more se ure

Die eerste kwartaal is afgesluit met 'n sêr-vleisbraai en die rugbyspelers en -entoesiaste wat 'n besoek aan 'n nat en modderige Leeudoringstad gebring het — geluk met jul mooi vertoning daar, kêrels — volgende keer vat ons die Karlieners saam! Op sportgebied is alles reeds in volle gang en afrigter Dawid van Aswegen het alreeds die rugbyspelers onder hande geneem.

Met ons eerstejaar rugbyspeler gaan dit ook goed — gelukwense aan Ockie Oosthuizen met sy plek in die Wes-Transvaalse O/20 span.

Met 'n karnaval en ander aksies wat beplan word, sien ons met graagte uit na hierdie kwartaal, en Karlieners — ons wag in spanning daarop om hul met karnaval hier te ontvang!

# KUNSRUBRIEK

## Wat Skort?

Ons koerant het nog altyd iets kortgekom. Wanneer 'n mens so deur geblaai het; eers die voorbladberig, dan die agterblad, dan Reflektor, studentemening, uit die Woord. Ons stel bekend en ten laaste die sportbladsy, het jy gevoel dat daar iewers tussenin iets weg is, maar jy kon nooit jou vinger daarop lê nie.

Toe tref dit my soos 'n reëndruppel in 'n onverwagse jakkals-trou-met-wolf-se-vrou-buitjie. Nêrens het ek iets gelees wat my estetiese gevoelens geprikkel het nie! Wat 'n leemte!

Hierdie rubriek is dan 'n poging om daardie leemte te vul uit ons studente, deur ons studente, vir ons studente.

Ons plaas hierdie week 'n bietjie poësie en wie weet miskien 'n stukkie prosa volgende week.

Ek swaai oor jou glimlag
en wipplank op jou vingers
speel in die blou
water van jou oë
en bruinbokkie-mal
oor die duine van jou hande
en — af en toe skryf ek
die kommas aan jou wenkbroue
agter my woorde
net
af en toe

Ek versamel die skulpies
van jou tande
in my hande
tot jou mond pap word
en wegsak.
skommel jou oë troebel-blou
kantel jou vingers
jou hande rou.

en jy . . . ?
jy weet dit nie
jy weet nie
dat ek speel soos 'n kind
speel soos 'n kind —
speel

Eyes look into the sky
empty hands turned up towards
the hollow sun
and beneath
a faceless earth
with bloodless vessels crawling
There is blood on the water

# Ons stel bekend



MNR. P. FOURIE

Vandeesweek is dit ons voorreg om 'n baie talentvolle persoon aan u bekend te stel: mnr. P. Fourie, aan die Konserwatorium verbonde.

Mnr. Fourie is in Bloemfontein gebore en het daar sy skoolopleiding aan Grey Kollege ontvang. Op dertienjarige ouderdom het hy met vioolles begin, en na slegs ses maande was hy al bekwaam genoeg om as solis saam met die Johannesburgse Simfonie-orkes op te tree. Na sy mening is dit eintlik nie baie jonk nie, aangesien kleuters vanaf die ouderdom van twee laar geleer kan word om die viool te bespeel.

Geurende sy skoolopleiding en ook daarna, was hy verbonde aan die Vrystaatse Jeugorkes. Hy was leier van die altviole en later dirigent van die Junior Jeugorkes. Met die jeugorkes se oorsese besoek, was hy in die bevoorregte posisie om as lid van die Internasionale Jeugorkes gekies te word, wat in St. Moritz opgetree het. Mnr. Fourie was altesaam vir nege jaar aan die jeugorkes verbonde.

Aan die Universiteit van die Oran e Vrystaat, het hy die graad B.A. Musiek geloop. Dit verskil van ons B.-Mus.-graad, in die opsig dat hy benewens musiekvakke, twee ander hoofvakke geloop het, naamlik Sielkunde en Wysbegeerte. Daarna het hy begin skoolhou en het terselfdertyd studeer vir sy Honneursgraad. Na slegs vier jaar het hy albei grade behaal, hoewel as sy onderwyserslisensiaat in altviool en sy voordraerslisensiaat in viool, waar dit normaalweg ses jaar sou duur.

Tussendeur het hy kans gesien om by die skool 'n strykorkes te begin, en klas te gee.

Nog hoogtepunte in sy jong musiekloopbaan was om die Bloemfontein Philharmonic Society te dirigeer, asook die Suid-Wes Afrikase Jeugorkes. Mnr. Fourie was ook al bevoorreg om onder groot name te speel, soos byvoorbeeld Walter Susskind en Rudolph Schwarz van die BBC.


Aan die begin van hierdie jaar het hy die pos aanvaar wat hom aan die Konserwatorium aangebied is, en is onmiddellik betrek by hul bedrywighede. Afgesien van die les in altviool en viool wat hy aan 14 indiwiduele leerlinge gee, is hy ook nog in die Kamermusiekensemble wat hierdie jaar gestig is. Ons sien ook daarna uit om hom te sien optree in die konserwatorium Simfonieorkes wat vanaf 5 Mei onder leiding van Prof. J. J. A. van der Walt uitvoerings sal gee.

Asof hy nie genoeg hooi op sy vurk het nie, gaan mnr. Fourie gereeld na Bloemfontein waar hy met sy Meestersgraad en die Dirigeerkuns onder Francesco Mander besig is. Dan moet hy ook nog af en toe Port Elizabeth toe reis vir vioolles onder Jack de Wet.

Op die vraag wat hom gemotiveer het om hom op viool toe te lê, het mnr. Fourie laggend geantwoord: „Dis seker maar omdat ek 'n viool persent gekry het en moes toe leer om te speel!"

Die skenker van die viool het seker nooit kon raai dat dit mnr. Fourie se loopbaan sou bepaal nie, maar ons is dankbaar dat ons in die bevoorregte posisie is om van die vrugte van die geskenk te kan smaak.


U kan gerus u bande versool by . . .



**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot Voorraad

NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.


LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

# Pukke presteer op Spele

**VAN DIE TWINTIG PUK-ATLETE wat aan die S.A. Spele deelgeneem het, het ses van hulle medaljes verower en sommer 'n hele reeks puik prestasies gelewer.**

Op die eerste aand van die byeenkoms het Andries Krogman een van die puikste prestasies van sy loopbaan gelewer toe hy 'n derde plek agter Mariano Haro van Span e en Ian Stewart van Engeland behaal het in die 10000 m. Beide Haro en Stewart was medal ewenne s op die 1972 Olimpiese Spele. Krogman se tyd van 29 min. 20 sek. sou hom die goue medal e op die 1968 Olimpiese Spele in Mexicostad besorg het! Indien hierdie atleet meer internasionale ondervinding kry, gaan hy rekordboeke herskryf.




In die gewigstoot het die ou staatmaker van die P.U.K. Hansie Booysen hom baie goed van sy taak gekwyt om 'n derde plek na John van Reenen te behaal.

Op die tweede aand van die byeenkoms is vriend en vyand verras toe Piet Meyer en Deetleo Holthaagen onderskeidelik in die 2de en 3de plekke die stadion binnegestap het in die 20 killometerstap. In die eerste plek was Bernard Kanneberg (Wes-Duitsland). Die Olimpiese kampioen oor die 50 kilometerstap. Piet Meyer is 'n atleet met 'n rooskleurige toekoms voor hom en met hierdie puik prestasie het hy hom as een van die voorste stappers in Suid-Afrika bevestig. Hy is nou maar 18 aar oud.

Op die laaste dag van die Spele het Dawie Malan in gietende reën 'n derde plek in die paalspring behaal. Hy het die moeilike omstandighede te bowe gekom om sommer 'n puik prestasie te lewer.

Marie Vil oen het ook op die laaste dag derde geëindig in die gewigstoot.

**Foto links: Ruanda Jacobs.**
**Foto regs: Andries Krogmann.**



# Korfbal bestaan nog wel

**VIR DIE EERSTEJAARS en seker verskeie seniors: Hoor hier! Daar bestaan nog wel 'n Klub soos die Korfbal-klub hier op die Puk.**

Ja-nee, nou sal ons weer hoor: Nog nooit iets van hul gehoor nie, want watse prestasies is al bereik? of nog nooit iets gehoor van wanneer daar ooit 'n wedstryd gespeel word nie.

Nou wel PUKKE hier kom dit!

Die Korfbal-klub bestuur het besluit dat ons klub te beskeie is, daarom gaan daar nou voortaan gereeld van ons klub iets gehoor word.

So terloops, die korfbalbane is net langs die ou tennisbane vir die wat nie weet nie. Ons het ook nou besluit ons wil ook "boontoe" skuif. Daar is, moontlik sprake" van bane by die nuwe sportgronde. Dan PUKKE wil ons toeskouers hê. Sommer massas van hulle!

Maar waarom kry ons nie nou al toeskouers nie?

PUKKE-manne het julle al gesien watter oulike asters korfbal speel? Nou-wel waarom nie kom kyk hoe oulike asters kan "speel" nie? Toe ons daag julle uit, en kom "cheer" ons. Watter aster gaan dan nie dink julle is oulik nie? PUK-asters is ook welkom. Hou dan die kennisbord dop vir wedstryde wat gereël word.

Het van die PUKKE ooit geweet dat die Korfbalasters so puik gespeel het die naweek van die 24ste April in Pretoria? Waar was julle? Lyk my ons asters is op hul tone hierdie jaar. (Sal nog baie van hulle hoor!)

Nou-ja op ons beskeie manier kruip ons weer terug korfbalbane toe. Sien julle daar!

# AMMOSAL

Saterdag 31 Maart het die Pukke Kol. Jumbo Harris se spogspan, Ammosal, op hul tuisveld gaan aandurf.

Hoewel die eerste span met 10-12 verloor het, het hulle nie sonder eer uit die stryd getree nie en is hulle slegs heel teen die einde oorskadu. Ten spyte daarvan dat die spel by tye baie toiingrig was, was dit tog 'n aanskoulike wedstryd, waarin harde voorspelerspel en aantreklike agterlynbewegings mekaar afgewissel het. Die Puk het egter die nodige slaankrag agterlangs ontbreek, anders kon hulle dalk die wa deur die drif sleep. Waarom kry Frans Kruger nooit 'n kans in die posisie waarin hy hoër louere verwerf het nie?

Dries Coetzer, Jimmy van Rensburg en Eric le Roux het goeie vertonings gelewer.

Johan Steyn (2 drieë) en Willie de Bruin (vervyfskop) teken die Puk se punte aan. Vir Ammasol druk vleuel Combrinck 'n drie en Tokkie Osborne vervyf en skepskop en Ross (strafdoel) slaag met skoppe.

**TWEEDE SPAN.**

Die tweede span behaal hul derde agtereenvolgende reusewoorinning deur Ammasol 53-0 te verslaan.

Judge Venter speel sy hoeveelste goeie wedstryd en verdien werklik 'n kans in die eerste span. Christo Kotze skitter ook ten spyte van die feit dat 'n Ammosol-speler hom wou laat boet vir Visagie se besering in Windhoek verlede jaar. Chris Kunz het 'n glibberige heelagter geblyk te wees, maar met sy vaart sou 'n mens hom graag op sy normale losskakelposisie wou sien. Ook Baird, Danie Oosthuizen, Corrie Strydom, Meyburgh en Cawood het goed vertoon.

Drieë is gedruk deur Baird, Cawood, Scott, Meyburgh, Danie Oosthuizen, Oosie Oosthuizen, Radloff en Kotze. Burger het 17 punte met die voet aangeteken.

# Amerikaner Kuier


**GEDURENDE die afgelope week was die P.U.K. in die besondere posisie gewees om een van die mees vooraanstaande atlete van alle tye te ontvang in die persoon van Mal Whitfeld. Hy is die houer van vyf Olimpiese medaljes en het die wêreldrekord vir die 800 m. vir 'n tydperk van 12 jaar gehou.**

Hierdie begaafde persoon was die eerste om die sluimerende atletiektalent van Afrika raak te sien en vir die afgelope drie en 'n half aar het hy hom toegespits op die afrigting van atlete in Sentraal- en Oos-Afrika. Die resultate van sy werk kan reeds gesien word in die sukses wat die Afrika-atlete op die afgelope twee Olimpiese Speles behaal het.

As Atletiekadministrateur het Mal Whitfield ook al internasionale roem verweri en dit is veral om Atletiekadministrasie waaroor hy kom gesels het. Hy het onder andere genoem dat die moderne neiging in die V.S.A. tot die van groter protesionalisme is om sodoende atlete meer geleentheid te gee om meer tyd aan atletiek te bestee. Hy was ook van mening dat 'n universiteit 'n afsonderlike afrigter vir elke item behoort te kry wat hom dan slegs op die spesifieke item toespits. In die V.S.A. word hier die stelsel toegepas as gevolg van die agteruitgang van die V.S.A. op die pas-afgelope Olimpiese Spele.

Mnr. Whitfield was ook van mening dat ons hier in Suid-Afrika nie genoeg aandag aan die basiese bewegings van atletiek gee nie en dat dit reeds op laerskool vlak aangeleer moet word.

Mnr. Whitfield het die hoop uitgespreek dat S.A. binnekort weer tot die internasionale Atletiekarena toegelaat sou word.



**Op die foto bo verskyn van links na regs: Hansie Booysen, Danie Gildenhuys, mnr. Mal Whit eld, Andries Krogman en mnr. Jos Sirakis.** *Fotokuns.*

# W.T. SENIOR ATLETIEK

Puk-atlete het met pragvertonings vorendag gekom tydens die W.T. Atletiek Kampioenskappe. Dawie Malan het die beste hoogte ooit met die paal bereik. Ruanda cacobs het tweede agter Claudie van Straaten geëindig in die 100 meter. Sy het ook oor die 400 meter in die vinnigste tyd van haar loopbaan afgehardloop Deetlif Holtzhausen het die 3000 meter stap met 'n nuwe provinsiale rekord 73:33,4 sekondes voltooi. Die 200-meter hekkieswedloop vir dames was een van die hoogtepunte van die byeenkoms. Hier het Ria van der Berg 'n Wes-Transvaalse rekord verbeter 22,7.


# STUDENTE!

## Ons is 'n Afdelingswinkel

**Die oorspronklikste idee ter uitbouing van ons diens en besigheid — in besonder tot die studentegemeenskap — verdien R50.**

*Rig of gee aan:*

DIE BESTUURDER,
SIRCLES (POTCH.) EDMS. BPK.
GOUWSSTRAAT 7.

# „KRINGE"

**Vir agtbaan kasette (5,95), Plate (R3,99), klein kasette (R4,55).**

## Die Studentewinkel